| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2024 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **TOTAAL** | 150 |
| **DUUR (URE)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 14 |
| **ADDENDUM** | |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# AFDELING A

## VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE SOWJET-UITBREIDING IN EUROPA NA DIE TWEEDE WÊRELD OORLOG TEÈGESTAAN?

### BRON 1A

Hierdie uittreksel is uit ʼn artikel *The Cost of Victory (Die Prys van Oorwinning)* geskryf vir die Nasionale WOII Museum in New Orleans. Dit fokus op die gevolge van die Tweede Wêreldoorlog op die Verenigde State.

In die jare ná die Tweede Wêreldoorlog moes die Verenigde State egter die tradisies van anti-militarisme wat dit so goed gedien het, laat vaar. Om orde in oorlog-verwoeste gebiede te handhaaf en om Sowjet uitbreiding teen te staan (te ontmoedig), het die Verenigde State 'n ongekende globale vredestyd militêre masjien gebou wat 'n massiewe departement van verdediging, uitgebreide geheime intelligensievermoëns (insluitend die Central Intelligence Agency), 'n groeiende kernkragarsenaal, en permanente militêre basisse regoor die wêreld (en rondom die Sowjetunie), ingesluit het. Die Verenigde State het ook 'n reeks alliansies met die buiteland, wat hul veiligheid waarborg deur permanente ontplooiing van magte in die buiteland, aangegaan. Amerikaanse soldate het lank na die einde van die Tweede Wêreldoorlog in Wes-Duitsland, Italië, Turkye en Japan vertoef. Die Amerikaanse vloot het in al die wêreld se groot seeweë ontplooi gebly. Vir 'n land wat tradisioneel alliansies en groot militêre ontplooiings in die buiteland verwerp het, was sulke veranderinge 'n skok vir die sisteem. Generaal Dwight Eisenhower was een van baie Amerikaanse leiers wat geglo het dat hierdie post-oorlogse houding onvolhoubaar was.

Die koste vir die Amerikaanse demokrasie was langdurig. Alhoewel die Verenigde State uit die Tweede Wêreldoorlog as die oorheersende ekonomie in die wêreld getree het, moes dit nou die ekonomie en sekuriteit van talle ander samelewings, insluitend voormalige teëstanders, dra. Die Europese Herstelprogram, wat gewoonlik die "Marshall-plan" genoem word en wat in 1948 deur die Kongres goedgekeur is om Wes-Europa te herbou, sou die Amerikaanse belastingbetaler meer as $12 miljard kos. Deur die Noord-Atlantiese Verdrag, wat in 1949 deur die Kongres goedgekeur is, het die Verenigde State hom tot die militêre verdediging van Wes-Europa, selfs met die risiko van kernoorlog, verbind. Amerikaners het vir die soldate en wapens om hierdie verbintenis na te kom, tot die 1950's betaal, totdat die Europese vennote meer hulpbronne gehad het om ten minste 'n deel van die koste te dek.

*[Uit: https://www.nationalww2museum.org/war/articles/cost-victory.. Toegang verkry op 24 Januarie 2023]*

**BRON 1B**

Die bron hieronder is ʼn uittreksel uit ʼn artikel met die titel, 'Truman Doctrine for APUSH' deur J. Roy, ʼn geskiedenisonderwyser van die Advanced Placement US History Programme (APUSH). Dit is op 22 Februarie 2019 gepubliseer. Die uittreksel verduidelik hoe die Trumanleer (doktrine) in 1947 ontstaan het.

Eens 'n Tweede Wêreldoorlog-bondgenoot (vriend) van die Verenigde State, het die Sowjet unie vinnig 'n werklike bedreiging vir demokrasie regoor die wêreld geword. Die verspreiding van kommunisme is as die gevaarlikste bedreiging vir wêreldstabiliteit beskou en Truman was vasbeslote om die Sowjet sterk teen te staan. Amerikaanse diplomaat en historikus, George Kennan, het die idee van inperking voorgestel; hierdie konsep sou die kernpunt van die Trumanleerstelling word. Inperking was die konsep om ʼn teenvoeter op elke politieke, militêre of ekonomiese vooruitgang waar en wanneer die Sowjet dit ook al probeer maak het, te verskaf.

Alhoewel dit nie 'n heeltemal nuwe idee was nie, is dit nooit ernstig in die vooruitsig gestel (bedoel) as 'n buitelandse beleid tot Maart 1947 na 'n presidensiële toespraak voor die Kongres deur Truman nie. As gevolg van hul eie binnelandse probleme het Engeland aangekondig dat hy nie in staat sal wees om militêr en die ekonomieë van die demokratiese en strategies geleë nasies van Griekeland en Turkye te ondersteun nie. Truman het besluit dit is tyd dat die Verenigde State die rol van wêreldleier moet oorneem, 'n rol wat deur die kwynende Britse Ryk vakant gelaat is.

Die Trumanleerstelling was gebaseer op die beginsel om kommunisme, waar dit reeds bestaan het, vas te pen en nie toe te laat dat dit soos 'n onstuitbare virus na naburige Europese nasies versprei nie.

*[Uit: https://apprend.io/apush/period-8/Truman-doctrine Toegang verkry op 11 Februarie 2022]*

**BRON 1C**

Hierdie uittreksel is uit ʼn artikel in die *Pionerskaya Pravda* in 1947. Dit beklemtoon die Sowjet-unie se siening van die Verenigde State van Amerika se hulp aan Griekeland en Turkye.

President Truman het die volgende beginsels van die Amerikaanse buitelandse beleid aangekondig: die Verenigde State sal met wapens en geld die reaksionêre en fasciste ondersteun wat hulle eie mense haat, maar slegs as hulle gereed is om hul land onder Amerikaanse beheer te plaas.

Die twee lande wat onmiddellik hiervoor geskik bevind is, was Griekeland en Turkye. In werklikheid was hulle nou beide onder Amerikaanse oorheersing. Amerikaners bou militêre basisse daar en Amerikaanse kapitaliste het besighede begin en koop alles op wat vir hulle winsgewend lyk. Hiervoor ontvang die Griekse en Turkse reaksionêre, wat aan bewind is, geld van die Amerikaners asook wapens vir die stryd teen hulle eie mense.

Griekeland en Turkye is egter te klein, en die Amerikaanse aptyt is groot. Amerikaanse imperialiste (diegene ten gunste van Amerikaanse uitbreiding of oorheersing) droom van die hele Europa, of ten minste Wes-Europa. Dit sou nie van pas wees om voor te stel dat Europese lande, soos Griekeland en Turkye, Amerikaanse kolonies word nie en sodoende is die Marshall plan in Amerika ontwikkel. Daar is aangekondig dat die Verenigde State die Europese lande wou help om hulle ekonomieë wat deur die oorlog vernietig is, te herstel. Baie het dit geglo, maar dit was gou duidelik dat die Marshall plan bloot 'n slinkse (onderduimse) manier was om die hele Europa aan Amerikaanse kapitalisme (geld) te onderwerp.

*[Uit: : Russia: A Modern History deur D Warnes, 1987]*

**BRON 1D**

Die spotprent met die opskrif: "KAN HY DIT KEER?", is in 1947 deur E. Marcus vir die *New York Times,* geteken. Dit wys hoe Stalin probeer keer dat die basketbal van die ('Marshall-plan') in die mandjie gemerk 'European Recovery (Europese Herstel)' punte aanteken.

EUROPESE
HERSTELPROGRAM




*[Uit: https://mrfritzsche.files.wordpress.com/2019/02/cold-war-cartoons.pdf*
*Toegang verkry op 23 Januarie 2023]*

## VRAAG 2: WAAROM HET DIE BUITELANDSE MAGTE TUSSEN 1974 EN 1976 BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?

### BRON 2A

Die uittreksel hieronder uit die boek, *The State of Africa* deur M Meredith fokus op die redes vir die Verenigde State van Amerika se betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog in 1975.

Voordat Angola onafhanklikheid van Portugese koloniale heerskappy verkry het, het die Central Intelligence Agency (CIA) in Maart 1975 aan die Nasionale Front vir die Bevryding van Angola (FNLA) en die Nasionale Unie vir die Totale Onafhanklikheid van Angola (UNITA) 'n koverte (geheime) fonds van 300 000 Amerikaanse dollar toegestaan. Die Amerikaanse perspektief van die Angolese konflik het verander. Die Amerikaanse nederlaag in Viëtnam in April 1975 het sy aansien (status) oor die hele wêreld ernstig geskaad. Dit het Henry Kissinger, die Amerikaanse minister van buitelandse sake en hoof van die Nasionale Veiligheidsraad, angstig gemaak om maniere te vind om Amerika se mag af te dwing.

Die opkoms van Sowjet-invloed in Angola en Kubaanse aktiwiteite daar het onder sy [Kissinger se] se aandag gekom. Waarskuwings oor die Sowjet-rol in Angola het van verskeie Afrika-leiers, insluitend Mobutu Sese Seko van die Kongo en Kenneth Kaunda van Zambië gekom. Henry Kissinger het tot die gevolgtrekking gekom dat tensy Amerika Sowjet-aktiwiteite in gevalle soos Angola teëwerk, die groter magsbalans tussen die supermoondhede in gebreke sou bly (verswak). Hy was oortuig dat die Sowjet-doelwitte in Angola was om 'n regering van sy eie keuse op die land af te dwing en om 'n nuwe invloedsfeer uit te kerf (te vorm). Hy het volgehou dat as die Weste dit nie teenstaan nie, die vertroue van pro-Westerse state, soos die Kongo en Zambië, ernstig geskaad sal word en die Amerikaanse aansien regoor die wêreld weer nadelig (sleg) geraak sal word.

“Ons bekommernis in Angola is nie die ekonomiese rykdom of die vlootbasis nie. Dit het te doen met die USSR wat 8 000 myl weg van die huis af werk wanneer al die omliggende state ons hulp vra,” het hy [Kissinger] gesê. "Ek gee nie om oor die olie nie, maar ek gee om vir Afrika, veral as die Sowjets hul ideologie versprei en ons niks doen nie."

*[Uit: The State of Africa deur M Meredith, 2011]*

**BRON 2B**

Hierdie uittreksel fokus op buitelandse betrokkenheid in Angola. Dit is gebaseer op navorsing deur A. Griffiths, 'n assistent-professor in moderne Amerikaanse geskiedenis aan die Whitworth-universiteit, Washington DC.

Teen hierdie tyd het die konflik tussen die supermoondhede in Viëtnam geëindig en Angola het die setel geword van 'n nuwe oorlog deur volmag (proxy-oorlog), tussen die Verenigde State en die Sowjet unie. Die onderskeie partye het nie soseer 'n spesifieke belang in Angola verdedig nie, maar dit was eerder geo-politieke wedywering wat uitspeel. Die streeksbondgenote van die VSA was steeds Zaïre en Suid-Afrika, terwyl Kongo-Brazzaville hom by die Sowjet unie geskaar het. Kuba het beide militêre en burgerlike steun aan die MPLA-regering verleen en aansienlik bygedra tot die rehabilitasie van maatskaplike sektore soos gesondheid en onderwys.

Diamante en veral olie het die MPLA van die nodige inkomste voorsien om as 'n regering te funksioneer. Buitelandse inkomste het ook die leefstyl van die regerende elite en die voortslepende oorlog teen UNITA gefinansier. Gedurende die oorlogsjare het ekonomiese bande tussen die kusstede en die landbougebied in die binneland (bewerkte afgeleeë gebiede) so verswak dat dit byna nie meer bestaan het nie. Soms het UNITA, ondersteun deur Suid-Afrikaanse magte, dele van die land sporadies beset, wat dan ontoeganklik geword het vir beide die MPLA regering en handelaars. Die stede, veral Luanda, het oorleef op ingevoerde voedsel eerder as plaaslike produkte. Verbruikersgoedere is met oliebydraes betaal ...

… Die 'tweede Angolese oorlog' het sy hoogtepunt in die middel-1980's bereik. Een van die deurlopende ironieë van die oorlog was die dollar-inkomste wat deur Amerikaanse oliemaatskappye gegenereer is, wat vir Kubaanse troepe betaal het om die Angolese regering en sy olie-instellings te beskerm teen aanvalle deur Suid-Afrikaanse troepe, wat op hulle beurt vir UNITA ondersteun en deels deur die VS gefinansier is. In hierdie fase van die oorlog het die stryd om die klein maar strategiese dorpie, Cuito Cuanavale gewentel en was dit 'n keerpunt. In 1987-88 is die Suid-Afrikaanse troepe en UNITA deur die MPLA en Kubaanse troepe, na 'n lang beleg, teruggedryf.

*[Uit: Conciliation Resources Accord an international review of peace initiatives Issue 15, Conciliation Resources 2004, London]*

**BRON 2C**

Die uittreksel is geneem uit ŉ toespraak op 22 Desember 1975 deur Fidel Castro tydens ŉ massabyeenkoms van meer as ŉ miljoen Kubane in Havana. Hy verduidelik waarom Kubaanse soldate na die nuwe onafhanklike Angola gestuur word om die MPLA te ondersteun.

Afrika-bloed vloei vrylik deur ons are. Baie van ons voorvaders het as slawe uit Afrika na hierdie land gekom. As slawe het hulle baie gesukkel. Hulle het geveg as lede van die bevrydende leër van Kuba. Ons is broers en susters van die mense van Afrika en ons is gereed om namens hulle te veg.

Rassediskriminasie het in ons land bestaan. Is daar iemand wat dit nie weet nie, wat dit nie onthou nie? Baie openbare parke het afsonderlike wandelpaadjies vir swartes en vir blankes gehad. Is daar iemand wat nie kan onthou dat Afrika-afstammelinge baie plekke, ontspanningsentrums en skole verbied is nie?

En wie is vandag die verteenwoordigers, die simbole van die mees haatlike en onmenslike vorm van rassediskriminasie? Die Suid-Afrikaanse fasciste en rassiste. En Yankee (Amerikaanse)-imperialisme het sonder om eers daaroor te dink (huiwering van enige aard) Suid-Afrikaanse huursoldate (professionele soldate) gestuur in 'n poging om Angola se onafhanklikheid te vernietig en is nou woedend oor ons hulp aan Angola, ons ondersteuning vir Afrika en ons verdediging van Afrika.

In ooreenstemming met die pligte wat gewortel is in ons beginsels, ons ideologie, ons oortuigings en ons eie bloed, sal ons Angola en Afrika verdedig!

Laat die Suid-Afrikaanse rassiste en die Yankee-imperialiste gewaarsku wees. Ons is deel van die wêreld se revolusionêre beweging, en in Afrika se stryd teen rassiste en imperialiste, sal ons sonder huiwering sy aan sy met die mense van Angola staan!.

*[Uit: Cuba and Angola. Fighting for Africa's Freedom and our Own, 2013.]*

## BRON 2D

ʼn Spotprent deur die Suid-Afrikaner, F. Mouton, gepubliseer in *Die Burger* in 1976. *Die Burger* is met die Nasionale Party-regering geassosieer. Dit toon ʼn groot hand wat as van ʼn sigaar (waarvoor Kuba bekend is) in ʼn asbakkie in die vorm van Afrika afskud.



*[Uit: https://serve.mg.co.za/content/documents/2013/09/25/historygr12sessions6-7tn2013book3.pdf. Toegang verkry op 25 Januarie 2022.]*

## VRAAG 3: HOE HET DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE SEGREGASIE IN DIE 1950's EN 1960'S UITGEDAAG?

### BRON 3A

Hierdie uittreksel van die *History webwerf* verduidelik Rosa Parks se rol in die burgerregte stryd.

Op 1 Desember 1955 het 'n 42-jarige vrou genaamd Rosa Parks, na werk 'n sitplek op 'n Montgomery, Alabama-bus gekry. Segregasiewette het destyds gesê dat swart passasiers in aangewese sitplekke agter in die bus moet sit, en Parks het dit gehoorsaam.

Toe 'n wit man op die bus klim en nie 'n sitplek in die wit gedeelte voor in die bus kon kry nie, het die busbestuurder Parks en drie ander Swart passasiers opdrag gegee om hul sitplekke prys te gee. Parks het geweier en is in hegtenis geneem.

Toe die gerugte van haar inhegtenisneming woede en ondersteuning vir haar ontketen het, het Parks sonder dat sy wou (onopsetlik) die "moeder van die hedendaagse burgerregtebeweging" geword. Swart gemeenskapsleiers het die Montgomery Improvement Association (MIA) onder leiding van die Baptiste-predikant Martin Luther King Jr. gestig - 'n rol wat hom na vore sou bring in die stryd om burgerregte.

Parks se moed het die MIA aangehits (aangespoor) om 'n boikot teen die Montgomery-busse te lei. Die Montgomery-busboikot het 381 dae geduur. Op 14 November 1956 het die Hooggeregshof beslis dat gesegregeerde sitplekke ongrondwetlik was.

*[Uit: https://www.history.com/topics/black-history/civil-rights-movement./ Toegang verkry op 8 April 2023]*

**BRON 3B**

Die uittreksel beskryf die voorvalle rondom Hoërskool Little Rock Nine toe nege Afro-Amerikaanse studente die eerste keer die skool in 1957 betree het. Dit is uit 'n artikel *'The Little Rock Nine Anniversary: "Silence is Not an Option"*, geskryf deur MW Edelman ter herdenking van die 65ste herdenking van die integrasie van Hoërskool Little Rock Central, 23 September 2022.

In September 1957 het nege swart tieners die nuwe skooljaar begin en die geskiedenis verander. Minnijean Brown, Elizabeth Eckford, Ernest Green, Thelma Mothershed, Melba Pattillo, Gloria Ray, Terrence Roberts, Jefferson Thomas en Carlotta Walls was almal tussen 15 en 17 jaar oud toe hulle die eerste swart studente geword het wat by die Hoërskool Little Rock Central ingeskryf het in Little Rock, Arkansas, drie jaar nadat die Brown v. Die Onderwysraad (Board of Education) Hooggeregshof-beslissing wettige segregasie in openbare skole beëindig het. Op 4 September, hul eerste skooldag, in plaas daarvan om deur skoolhoofde of onderwysers verwelkom te word, is die nege Swart studente deur 'n wit skare en die Arkansas Nasionale Garde (Wag) ontmoet, wat daar deur Arkansas Goewerneur Orval Faubus beveel is om hulle te keer om die skoolgebou binne te gaan. Die dapper studente het nasionale opslae gemaak aangesien beelde soos dié van Elizabeth Eckford wat die skool probeer binnegaan en deur wit tieners en volwassenes omring en bespoeg word, regoor die land gepubliseer is, en hulle het voortgegaan om daaglikse die opskrifte te haal omdat hulle geweier het om moed op te gee.

Uiteindelik is president Dwight D. Eisenhower gedwing om federale troepe in te roep wat die nege swart studente uiteindelik die skool in begelei het vir hul eerste volle dag van klasse op 25 September. Selfs met beskerming het hulle voortdurend daaglikse teistering en fisiese dreigemente verduur, maar die Little Rock Nine het volgehou. Hulle het gehelp om ons nasie te laat gestand doen aan die belofte van Brown vs. Die Onderwysraad (Board of Education) en het gehelp om deure van geleenthede oop te maak vir geslagte van jongmense wat hulle gevolg het.

*[Uit: https://www.childrensdefense.org/child-watch-columns/health/2022/the-little-rock-nine-anniversary-silence-is-not-an-option/. verkry op 8 April 2023]*

© SACAI KOPIEREG

**BRON 3C**

Die bron hieronder, geredigeer deur A. Glass op 7 Maart 2018, gee 'n uiteensetting van redes vir die eerste Selma-na-Montgomery-opmars in die Verenigde State op 7 Maart 1965. Dit beklemtoon ook hoekom daarna verwys is as 'Bloody Sunday'

Op 2 Januarie 1965 het Martin Luther King Jr. en die Southern Christian Leadership Conference (SCLC) by die Student Non-Violent Coordinating Committee (SNCC), die Dallas County Voters League en ander plaaslike Afro-Amerikaanse aktiviste in 'n stemregveldtog in Selma aangesluit. Ten spyte van herhaalde registrasiepogings deur plaaslike swartes, was slegs twee persent op die kieserslys. Die SCLC het gekies om sy pogings op Selma te fokus omdat hulle verwag het dat die berugte (skandelike) brutaliteit van plaaslike wetstoepassing, onder balju Jim Clark, nasionale aandag sou trek en president Lyndon B Johnson en die Kongres sou druk om nuwe nasionale stemregwetgewing in te stel (te aanvaar) …

In reaksie op Jackson se dood ('n burgerregte-aktivis) het aktiviste in Selma en Marion op 7 Maart vertrek om van Selma na die staatshoofstad in Montgomery te marsjeer. Terwyl King in Atlanta was, het sy SCLC-kollega, Hosea Williams, en SNCC-leier, John Lewis, die optog gelei. Die optoggangers het hul pad deur Selma oor die Edmund Pettus-brug gebaan waar hulle 'n blokkade van staatssoldate en plaaslike wetstoepassers onder bevel van Clark en majoor John Cloud, in die gesig gestaar het. Hulle het die optoggangers beveel om uiteen te gaan. Toe hulle dit nie doen nie, het Cloud sy manne beveel om teen hulle op te trek. Toegejuig deur wit omstanders, het die troepe die skare met knuppels en traangas aangeval. Berede polisie het terugtrekkende optoggangers agternagesit en voortgegaan om hulle te slaan. Televisiedekking van 'Bloody Sunday', soos die gebeurtenis bekend geword het, het nasionale verontwaardiging (woede) ontketen.

*[Uit: https://www.politico.com/story/2018/03/07/this-day-in-politics-march-7-1965-437394.. Toegang verkry op 25 Januarie 2023]*

**BRON 3D**

Die foto hieronder beeld jong Afro-Amerikaners en blankes uit tydens 'n 'swemstaking' of 'swim-in' (om teen segregasie by swembaddens te protesteer) by Pullen Park se swembad in Raleigh, Noord-Carolina op 7 Augustus 1962. In die agtergrond van die foto is twee groepe, die Afro-Amerikaners sit en blankes staan apart.



*[Uit: https://davidcecelski.com/2018/07/20/the-color-of-war-part-9-wade-ins-and-swim-ins/ Toegang verkry op 25 Januarie 2023]*

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander geskiedkundige bewyse is uit die volgende verkry:

Meredith M: *The State of Africa*,2011

Warnes D: Russia: *A Modern History*, 1987.

Conciliation Resources Accord an international review of peace initiatives, Issue 15, Conciliation Resources 2004, London.

Cuba and Angola. Fighting for Africa's Freedom and our Own, 2013.

https://www.nationalww2museum.org/war/articles/cost-victory. Toegang verkry op 24 Januarie 2023.

https://apprend.io/apush/period-8/Truman-doctrine. Toegang verkry op 11 Februarie 2022.

https://mrfritzsche.files.wordpress.com/2019/02/cold-war-cartoons.pdf/ Toegang verkry op 23 Januarie 2023.

https://serve.mg.co.za/content/documents/2013/09/25/historygr12sessions6-7tn2013book3.pdf. Toegang verkry op 25 Januarie 2022.

https://www.history.com/topics/black-history/civil-rights-movement./ Toegang verkry op 8 April 2023.

https://www.childrensdefense.org/child-watch-columns/health/2022/the-little-rock-nine-anniversary-silence-is-not-an-option/. Toegang verkry op 8 April 2023.

https://www.politico.com/story/2018/03/07/this-day-in-politics-march-7-1965-437394. Toegang verkry op 25 Januarie 2023.

https://davidcecelski.com/2018/07/20/the-color-of-war-part-9-wade-ins-and-swim-ins/ Toegang verkry op 25 Januarie 2023